

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2014

Preek 7

Lees: Fil.1:27-30

Teks: Fil.1:27,28a (Fil.reeks nr.7)

Datum: 26 Januarie 2014

Psalms: 68:1,2;118:11; 65:2; 68:3,4,5; 68:14,15,16

1. Inleiding:

Die Filippense-brief staan algemeen bekend as die brief van die *blydskap*. Maar weet u: blydskap is tog nie die enigste tema van hierdie mooi boek nie. Ook die beeld van *burgerskap* kom 'n paar keer voor en verder die beeld van *soldaat* wees. En dit is juis hierdie twee beelde wat sterk na vore tree in ons teks:

- Paulus sê naamlik in v.27 aan die Filippense en dus ook aan elke gelowige vandag: Gedra julle soos dit burgers van die koninkryk van die hemel betaam. Gedra julle as burgers van die ryk van God in ooreenstemming wees met die grondwet van die koninkryk. En daardie grondwet is die evangelie.

Die beeld van burgerskap - dit was 'n beeld wat die Filippense sekerlik aangespreek het. Want u weet : Filippi was 'n Romeinse kolonie. Die Romeine het naamlik die gewoonte gehad om dwarsdeur die wêreld van daardie tyd in besette gebiede kolonies te stig en om so 'n kolonie te beset met oud-soldate, met Romeinse burgers dus. Die mense wat in daardie kolonies gebly het, was dus nie burgers van daardie land waarin die kolonie gevestig is nie. Hulle was Romeinse

burgers. Daarom het ook nie onder die plaaslike wette gestaan nie, maar hulle is regeer vanuit Rome. Hulle was onderworpe alleen aan die wette van die Romeinse ryk.

Nou ja, sê Paulus vir die gelowiges in Filippi: Julle is nie deel van die goddelose wêreld nie. Julle is in hierdie wêreld 'n kolonie van die koninkryk van die hemele. Julle is nie burgers van hierdie wêreld wat regeer word deur die duiwel en die sonde nie. Maar as burgers van die koninkryk van die hemele staan julle onder 'n nuwe grondwet: die evangelie. En daarom, sê die apostel, daarom: Gedra julle nou ook as koloniste, as burgers van die Godsryk, in ooreenstemming met die evangelie.

- MAAR HOE gedra ons ons nou soos BURGERS van die koninkryk van die Here Jesus? Die antwoord daarop is: as ons ons BURGERLIKE PLIG doen en daardie plig is DIENSPLIG! Diensplig as soldate.

In die ou Suid-Afrika was dit so dat ons jong seuns dienspligtig was. Diensplig as soldate was deel van ons burgerplig.

En as Paulus nou by ons burgerplig as burgers van die Godsryk kom, gebruik hy beelde wat ontleen is aan die *soldate*-lewe. As burgers van die koninkryk van die hemele moet ons soldate wees van daardie Godsryk.

Kom ons kyk dan na ons burgerlike pligte, ons *soldate-plig*. Die apostel sê naamlik:

1. bly as sodaat op jou pos staan;
2. veg as eenheid saam met jou mede-soldaat; en
3. moet nie terugdeins vir die vyand nie.

Paulus sê eerstens:

2.1. Bly as soldaat op jou pos staan.

Dit wil Paulus wil graag hoor: dat die Filippense *in een Gees vasstaan*.

Daardie *vasstaan* is dan die eerste soldate-beeld, die eerste beeld uit die militêre lewe, wat hy gebruik. As Christen-soldaat moet ons vasbeslote op ons pos bly, sonder om 'n duimbreedte te wyk - al bars die bomme aan alle kante.

Waarop moet ons vasstaan? Op die evangelie, op die suiwer leer, op die leer van genade alleen. Daarop moet ons onbeweeglik bly staan. Ons mag nie toelaat dat die vyand ons daarvan afdryf nie. Soos onverskrokke soldate moet ons op ons pos bly. Ons mag nie 'n kompromis aangaan met die dwaalleer nie. Ons moet bly uitkom vir die waarheid en op die waarheid en op die waarheid alleen bly staan.

Maar dit is nie so maklik nie. Die Satan ruk aan ons geloofsluwe. Elke dag is die versoeking daar. Veral ons jeug het dit so moeilik onder groepsdruk. Talle jongmense val en baie volwasse soldate sneuwel.

Hoe kan ons dan vas bly staan? Ons teks leer ons die geheim: Staan vas *in een Gees*. Hierdie woorde leer ons ook wat die geheim van ons standvastigheid is. Dit leer ons hoe ons, ondanks die felle aanslag teen ons, op ons pos kan bly. Die Heilige Gees is die geheim. As ons maar in Hom bly en nie op ons eie kragte staatmaak nie, sal geen verleiding of versoeking ons wegdryf van die suiwer leer nie.

Ons moet ons deur die een Gees laat lei. Ons moet ook weet: Hierdie een Gees, die Heilige Gees – Hy lei ons deur die een evangelie en na die evangelie toe. Daardie evangelie is ons krag.

Ons is nie in onself sulke dapper soldate. Intendeel, as dit van onself afgehang het, selfs net 'n klein bietjie, sou die duiwel en die wêreld ons lankal verslaan het, dan sou geeneen van ons op ons pos gebly het nie.

Hierdie teks dryf ons en ons kinders dus na die Heilige Gees en die veilige fort van die evangelie. Die kerk bestaan uit 'n klomp soldate –wat kniel. Die kerk is 'n leër met met gevoude hande. Die gebed is ons magtigste wapen. Want God wil immers sy Heilige Gees en die genadegawes van die Heilige Gees gee vir die wat daarom bid.

Biddende soldate is standvastige soldate. Biddende soldate is Gees-ervulde soldate, soldate wat deur die krag van die Gees volhard in die suiwer evangelie. Sulke soldate leef van genade en leef deur genade volgens die geboorte van die Here.

Maar ons kom by die tweede:

2.2. om saam met ons mede-soldate te veg vir dieselfde saak.

Ons moet *een van siel saam veg vir die evangelie*, sê die apostel. Die beeld wat hier voor ons oë opgeroep word is een van soldate wat sy aan sy veg vir 'n saak vir 'n gemeenskaplike saak.

Twee sake val hier op:

- Die saamveg sê **eerstens**: **ALMAL IS BETROKKE**, jonk en oud. Dit is 'n saam veg.

Elke gelowige moet 'n soldaat wees en 'n aktiewe een daarby. Paulus sê nie vir die Filippense: Luister, ek sal die oorlog vir julle voer, nie. En: Los dit maar vir my en geniet julle die kerklike lewe, nie. Die hele gemeente word opgeroep tot stryd.

Die gevaar is baie groot dat ons domineeskerke kan word. En heel dikwels gebeur dit ongelukkig ook in die Gereformeerde Kerk. Die dominee moet maar veg teen verkeerde dinge in die samelewing, soos lotery en sabbatsontheiliging; en die dominee moet maar stry teen dwaalleer; en die dominee moet maar toesien dat die onderwys Christelik is. MAAR dit is in stryd met wat ons hier geleer word. Die dominee of die ouderling is nie die enigste soldaat in die leër van koning Jesus nie. Ons is almal dienspligtig en ons word almal opgeroep om soos een man, sy aan sy, te veg.

Is **ons** getroue, aktiewe soldate?

- Maar hierdie saamveg spreek ook van veg **VIR DIESELFDE SAAK**. En daarmee is ons ook al by 'n **tweede** punt waarop ek u wil wys by hierdie beeld.

Ons veg sy aan sy. Waarvoor? Vir ***die geloof van die evangelie!***

Dit is wat elke Christen-soldaat so sielsgraag wil doen: stry vir daardie een saak, stry vir daardie een evangelie, om daardie blye boodskap van verlossing uit te dra, om toe te sien dat hierdie heerlike tyding van Jesus se oorwinning oor sonde en oor dood veld sal wen in die wêreld.

Maar ons kom by die laaste punt van die preek:

2.3. as soldate moet ons nie terugdeins vir die vyand nie.

Dit, sê Paulus vir die Filippense, wil hy so graag sien: ***dat julle julle in geen opsig laat afskrik deur die vyand nie.***

Daar het ons nog 'n beeld uit die soldate-wêreld: ***die vyand.***

Teenoor die kerkleër staan 'n ander leër, 'n leër wat vyandig is teenoor ons en nie alleen teenoor ons nie, maar ook teenoor die evangelie, die saak waarvoor ons veg en staan.

En nou is dit belangrik dat ons sal weet **wie** hierdie vyand is. Daar is immers niks so fataal vir 'n leër as hy nie sy vyand ken nie. Want dan kan dit maklik gebeur dat die teenstander jou onverhoeds oorval.

En dan moet ons weet: Die kerk het altyd 'n stryd aan twee fronte: Aan die een kant is daar die vyand VAN BUIITE. Aan die ander kant is daar die aanslag VAN BINNE, die stryd teen dwaalleer.

- Die **eerste vyand** van die Filippense was sekerlik die **heidense wêreld**, die aanvalle van buite.

Die Romeine het hulle vervolg oor hulle geloof; daar was die verleiding van die afgode; en dan was daar ook die vreeslike sedeloosheid en losbandigheid van hul tyd. Dit was alles vyande wat hulle kon afrokkel van die geloof.

En ken ons hierdie teenstanders nie ook nie? In wat 'n wêreld leef ons nie! In wat 'n samelewing word ons kinders nie groot nie! Wie ken nie die afgode genaamd sport, geld, seks en werk nie! Ag, dié afgode het ook onder Christene al hulle tienduisende verslaan.

Maar ons mag nie die strydbyl begrawe nie. Een en almal van ons - en nie net die kerkraad nie - moet veg teen die pornografie en seksverheerliking, die sabbatsontheiliging ens.

- Maar ook 'n **tweede vyand** kom in die Filippense-brief ter sprake. Ons ontmoet hulle in Filippense3: die valse apostels. Dit gaan oor **dwaalleer** in die kerk, hulle wat leer: Jesus alleen is nie genoeg nie.

Wat 'n aanslag beleef die kerk nie vandag juis van binne nie! Vreemde leringe kom die kerk binne. Teoloë bevraagteken die Godheid van Christus en sy maagdelike geboorte. Godgeleerdes takel die gesag van die Ou Testament af en van die hele Bybel af.

Ons het 'n verantwoordelikheid as Christen-soldate om hierteen die swaard op te neem.

Ons moet ook nie dink dat die GKSA gevrywaar word van hierdie aanslag nie.

Dit kan 'n mens moedeloos maak as jy na die oormag in ons tyd kyk. Maar daarom is die vermaning van Paulus ook vir ons ter sake: **Moet julle nie laat afskrik deur die vyand nie**.

En wanneer sal ons nie bang wees vir hulle nie? As ons leef uit die blye boodskap van Christus se oorwinning. Dan weet ons immers: Ons Koning het klaar die vyand verslaan. Vir wie sal ons daarom bang wees? Immers aan ons Koning is gegee alle mag in die hemel en op die aarde en Hy

sê vir strydende kerk in die Filippense-brief: Hy is naby. Hy is by sy kerk en rondom sy kerk in hulle stryd. Die Heer sal in gevaar sy leërs om ons skaar. Die Here se hemelse leërs rondom sy kerke hier op aarde. Wat 'n troos.

3. Slot.

Ons moet ons nie blind staar teen die kerkvande van ons tyd nie. Ons moet deur die Heilige Gees opstaan na die Here, die Koning van die kerk. Dan sal ons, deur sy Gees, die goeie stryd stry vir die evangelie – toegerus met en danksy die krag uit die hoogte.

AMEN